## 22 Oktober - STAD

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:10 – 22:5**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:11**

Soos enige antieke stad, sal die nuwe Jerusalem ook mure, poorte en fondamente hê. Maar die belangrikste eienskap van hierdie stad is die een wat Johannes eerste beskrywe: *"Die stad het die heerlikheid van God"* (Openb 21:11). Die teenwoordigheid van God se heerlikheid impliseer dat dit die plek is waar God bly.

Nadat die tabernakel van die Here in die tyd van Moses voltooi was, het *"'n wolk die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul"* (Eks 40:34). Toe die tempel van Salomo voltooi was, het dieselfde gebeur: *"... 'n wolk het die huis van die Here gevul ... dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het"* (1 Kon 8:10, 11).

Dit was die teenwoordigheid van die Here wat die tabernakel en die tempel gemaak het wat dit was – die blyplek van God onder sy volk. God het Homself in 'n wolk toegemaak, want die volle lig van sy heerlikheid sou die sondige mense oorweldig het.

In die ou Jerusalem was die heerlikheid van die Here met 'n wolk toegemaak, maar in die nuwe Jerusalem is dit nie meer toegemaak nie. Johannes sien die stad en *"sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal"*. Hierdie lig vul die hele stad, en volgens Openbaring 21:23 het dit nie meer die son en die maan nodig om hom te verlig nie.

Ons weet nie presies hoe die nuwe Jerusalem sal lyk nie, maar wat baie duidelik uitstaan, is dat ons in God se teenwoordigheid sal lewe. Die hele Bybel het ons al daarop gewys dat die woonplek van God by die mense sal wees, dat hulle sy volke sal wees, en dat God self by hulle sal wees as hulle God (Openb 21:3). Weens die werk van Jesus Christus sal God ons in sy teenwoordigheid verwelkom.

Sy heerlikheid hoef dan nie meer toegemaak te word nie, want vrygespreekte gelowiges sal die lig daarvan kan verdra en tot in ewigheid lewe! Daaroor moet ons bly wees.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 9* *Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)*